



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**MEGANIESE TEGNOLOGIE: MOTOR**

**NOVEMBER 2019**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.

**VRAAG 1: MEERVOUDIGE KEUSEVRAE (Generies)**

- |     |     |                   |
|-----|-----|-------------------|
| 1.1 | B ✓ | (1)               |
| 1.2 | C ✓ | (1)               |
| 1.3 | A ✓ | (1)               |
| 1.4 | C ✓ | (1)               |
| 1.5 | A ✓ | (1)               |
| 1.6 | C ✓ | (1)<br><b>[6]</b> |

## VRAAG 2: VEILIGHEID (Generies)

### 2.1 Masjien veiligheidsreël:

- Weet hoe om die masjien af te skakel / noodstop. ✓
- Dra persoonlike beskermings toerusting (PPE). ✓
- Weet hoe om die masjien te gebruik. ✓
- Maak seker al die skerms is in plek. ✓
- Geen gereedskap wat op die masjien rond lê nie. ✓
- Werkstuk moet deeglik vas wees. ✓
- Gaan die toestand van die masjien na. ✓
- Volg vervaardiger se voorskrifte voor 'n masjien gebruik word. ✓
- Operateur moet magtiging hê om op 'n masjien te werk. ✓
- Maak seker die masjien is nie uitgesluit nie. ✓
- Maak seker die masjienopset is korrek en veilig. ✓
- Maak seker die masjienarea is skoon en veilig. ✓

(Enige 1 x 1) (1)

### 2.2 Staanboor veiligheidsmaatreël:

- Om beserings te voorkom. ✓
- Om akkuraatheid te verbeter. ✓
- Om te voorkom dat die werkstuk in die rondte draai of beweeg. ✓
- Voorkom dat die boorpunt breek. ✓

(Enige 1 x 1) (1)

### 2.3 Hidrouliese pers veiligheidsmaatreël:

- Maak seker die pers is in 'n goeie werkende toestand.
- Neem kennis van die voorafbepaalde maksimum druk van die hidrouliese pers. ✓
- Maak seker die area om die pers is skoon en vry van olie, ghries en water. ✓
- Maak seker die platform is stewig en haaks met die silinder. ✓
- Maak seker dat die gepaste setmate en voorgeskrewe toerusting beskikbaar is. ✓
- Gaan hidouliese pype na vir lekasies en krake. ✓
- Gaan die ondersteuningspenne na dat dit nie uitgeslyt is en deeglik in plek is. ✓
- Gaan vloeistofvlakte na. ✓
- Drukrag moet teen  $90^\circ$  met die voorwerp toegepas word. ✓
- Gaan kabel en katrolle op platvorm na indien toegerus. ✓
- Dra persoonlike beskermings toerusting (PPE). ✓
- Drukmeter moet nagegaan en gekalibreer word. ✓
- Maak seker al die skerms is in plek. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

### 2.4 Redes vir die dra van chirurgiese handskoene:

- Voorkom HIV/VIGS of enige bloed verwante infeksie oordrag. ✓
- Voorkom besmetting van die oop wonde. ✓

(2)

## 2.5 Veilige hantering van draagbare elektriese toerusting:

- Maak seker die elektriese bedrading en -prop is in 'n goeie toestand. ✓
- Maak seker alle veiligheidskerms is in plek. ✓
- Maak seker die toebehore (boorpunte, lemme ens.) is op die korrekte wyse gemonteer. ✓
- Moenie die masjien / toerusting forseer nie. ✓
- Gebruik volgens die vervaardiger se instruksies. ✓
- Voorkom kontak met water. ✓
- Keep the flexible cable away from heat, oil, sharp edges and moving parts. ✓
- Maak seker dat die kabels nie knoop nie. ✓
- Voorkom dat die masjien val. ✓
- Gaan die toestand van die toerusting na. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

## 2.6 Verantwoordelikheid van werkgewer:

- Voorsien en onderhou werkstelsels, werksomgewing, toerusting en gereedskap in 'n veilige toestand. ✓
- Elimineer of verminder enige gevare of potensiële gevare. ✓
- Produseer, hanteer, stoor en vervoer goedere veilig. ✓
- Verseker dat elke werkende persoon aan die vereistes van hierdie Beroepveiligheidswet ('OHS') voldoen. ✓
- Stel maatreëls in plek in belang van gesondheid en veiligheid, indien nodig. ✓
- Stel 'n persoon aan wat opgelei is en wie die ouoriteit het om te verseker dat die werknemer voorkomende maatreëls nakom. ✓
- Lig werknemer in oor gevare vir sy gesondheid en veiligheid rakende enige plig of werksituasie. ✓
- Voorsien noodhulptoerusting. ✓

(Enige 1 x 1) (1)

## 2.7 Verantwoordelikheid van werknemer:

- Gee aandag aan hul eie asook ander persone se gesondheid en veiligheid. ✓
- Werk saam met die werkgewer ten opsigte van die Beroepveiligheidswet ('OHS'). ✓
- Kom die wetlike opdrag aan hulle gegee na. ✓
- Rapporteer enige situasie wat onveilig of ongesond is. ✓
- Rapporteer alle insidente en ongelukke. ✓
- Moenie met enige veiligheidstoerusting inmeng of soortgelyke toerusting misbruik nie. ✓
- Kom alle veiligheidsreeëls na. ✓

(Enige 1 x 1) (1)  
[10]

### VRAAG 3: MATERIAAL (Generies)

**3.1 Vyltoets:**

- Gebruik die regte ✓ vyltegnieke. ✓
- Vyl op die punt of kante ✓✓ van die materiaal.
- Deur kryt ✓ op die vyloppervlak ✓ te plaas.

(Enige 1 x 2) (2)

**3.2 Doel vir hittebehandeling van staal:**

Hittebehandeling van staal word gedoen om die eienskappe / korrelstruktuur ✓ van staal te verander. ✓

(2)

**3.3 Redes vir tempering van verharde staal:**

- Om die brosheid ✓ wat deur die verhardings proses veroorsaak is te verminder. ✓
- Omspanning ✓ wat gedurende die verhardings proses veroorsaak is te verminder. ✓
- Om die die taatheid ✓ van die staal te verhoog. ✓
- Om aan die verharde werkstuk 'n fyner ✓ korrelstruktuur ✓ te gee.

(Enige 2 x 2) (4)

**3.4 Hitte behandelings proses op staal:**

**3.4.1 Uitgloeiing:**

- Die staal word tot die voorgeskrewe temperatuur verhit. ✓
- Die staal word vir die verlangde tyd teen hierdie temperatuur gehou. ✓
- Die staal word dan baie stadig afgekoel om maksimum sagtheid te verseker. ✓

(3)

**3.4.2 Verharding:**

- Die staal word tot effens bo die hoër kritieke temperatuur verhit. (AC<sub>3</sub>) ✓
- Die staal word vir die verlangde tyd teen hierdie temperatuur gehou. ✓
- Die staal word dan vinnig afgekoel deur in afkoel medium te blus. ✓

(3)  
[14]

**VRAAG 4: MEERVOUDIGE KEUSEVRAE (Spesifieke)**

- |      |         |                    |
|------|---------|--------------------|
| 4.1  | A ✓     | (1)                |
| 4.2  | C ✓     | (1)                |
| 4.3  | D ✓     | (1)                |
| 4.4  | B ✓     | (1)                |
| 4.5  | C ✓     | (1)                |
| 4.6  | D ✓     | (1)                |
| 4.7  | A ✓     | (1)                |
| 4.8  | B ✓     | (1)                |
| 4.9  | C ✓     | (1)                |
| 4.10 | B ✓     | (1)                |
| 4.11 | C ✓     | (1)                |
| 4.12 | D & B ✓ | (1)                |
| 4.13 | B ✓     | (1)                |
| 4.14 | B ✓     | (1)<br><b>[14]</b> |

## VRAAG 5: GEREEDSKAP EN TOERUSTING (Spesifieke)

### 5.1 Silinderlekkasie toetser:

#### 5.1.1 Benoem:

- A – Drukbeheerklep / Knop / Reguleerder ✓
- B – Meter ✓
- C – Kompressor pyp / Lugpyp / Pyp ✓
- D – Vonkpropkoppelstuk / Pyp ✓

(4)

#### 5.1.2 Doel van silinderlekkasie toetser:

- Om die persentasie ✓ gaslekkasie, vanuit 'n silinder te bepaal. ✓
- Om die ligging ✓ van gaslekkasies vanuit 'n silinder te bepaal. ✓

(Enige 1 x 2)

(2)

#### 5.1.3 Prosedure vir silinderlekkasietoets:

- Draai die krukas tot albei kleppe op silinder nr. 1 toe is (suier nr. 1 is op kragslag). ✓
- Verwyder die vonkprop en koppel die vonkpropkoppelstuk (toetser) in die vonkpropgat. ✓
- Gebruik 'n moersleutel om die krukas-katrol te sluit sodat dit nie kan draai nie. ✓
- Laat lug in die silinder in, volgens die voorgeskrewe druk. ✓
- Die lesing sal die persentasie gaslekkasie aandui. ✓
- 'n Sis-geluid by verskeie punte dui die ligging van die lekkasie aan. ✓

(6)

### 5.2 Kompressietoetser:

#### 5.2.1 Doel van kompressietoets:

- Om die hoeveelheid kompressiedruk ✓ van 'n spesifieke silinder gedurende kompressieslag (BDP – ODP) te bepaal. ✓
- Om die toestand ✓ van die enjin se kleppe, klepbedding en suierringe te bepaal. ✓

(Enige 1 x 2)

(2)

#### 5.2.2 Kompressietoetser se drukontlasklep:

- Verwyder druk in die meter ✓ om 'n akkurate lesing te verseker. ✓
- Verwyder druk in die meter ✓ om skade aan die meter te voorkom. ✓

(Enige 1 x 2)

(2)

**5.3 Gasse wat ontleed word:**

- Koolstofmonoksied (CO) ✓
- Koolwaterstof (HC) ✓
- Koolstofdioksied (CO<sub>2</sub>) ✓
- Stikstofoksied (NOx) ✓
- Swaeldioksied (SO<sub>2</sub>) ✓
- Suurstof (O<sub>2</sub>) ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**5.4 Doel van draaitafels:**

Draaitafels maak dit moontlik om die voorwiele te draai ✓ wanneer nasporing verstelling uitgevoer word. ✓

(2)

**5.5 Uitkomste van dinamiese wielbalansering is om die volgende na te gaan:**

- Die wanbalansvlak. ✓
- Die omvang van balansversteurende kragte. ✓
- Die rotasierigting van hierdie kragte. (regsom of linksom) ✓
- Balanseer wiele op alle vlakke. ✓
- Minder vibrasie op die stuurwiel. ✓
- Eweredige bandslytasie. ✓

(Enige 3 x 1) (3)  
[23]

**VRAAG 6: ENJINS (Spesifieke)****6.1 Krukastrilling:**

- Die aksie op die as van ongebalanseerde kragte. ✓
- Die wringeefek van die kragslae op die as. ✓
- Geslete trillingdempers. ✓
- Onegalige vliegwielsslytasie. ✓
- Ongebalanseerde krukas. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**6.2 Trillingdempers:**

6.2.1 Trillingdemper / Vibrasie demper ✓ (1)

**6.2.2 Benoem:**

- A – Krukas ✓  
 B – Krukasflens ✓  
 C – Sekondêre vlieg wiel ✓  
 D – Wrywingskyf / Rubber ✓  
 E – Wrywingsveer ✓  
 F – Veerblad / Skyf ✓

(6)

6.2.3 Die trillingdemper voeg massa by die krukas aan die teenoorgestelde kant ✓ van die normale vlieg wiel ten einde die torsie van die krukas teë te werk. ✓ (2)

**6.3 Ontstekingsorde van 'n enjin:**

- Die posisie van die krukke op die krukas. ✓
- Die rangskikking van die nokke op die nokas. ✓

(2)

**6.4 'V8'-hoek:**

90° ✓ (1)

**6.5 Tussenverkoeler:**

Om die lug wat deur die turbo-aanjaer saamgepers word, af te koel. ✓ (1)

**6.6 Doel van 'n superaanjaer:**

- Om die silinder met 'n verhoogde lugdruk ✓ wat hoër is as atmosferiese druk, te vul. ✓
- Om die kompressiedruk ✓ in die silinder te verhoog. ✓
- Om die volumetriese doeltreffendheid ✓ van die enjin te verhoog. ✓
- Om die werkverrigting ✓ te verbeter. ✓

(Enige 1 x 2) (2)

**6.7 Sentrifugale superaanjaer:**

6.7.1 Sentrifugale superaanjaer / blaser ✓ (1)

- 6.7.2 **Benoem:**
- A – Luginlaat ✓
  - B – Luguitlaat ✓
  - C – Omhulsel ✓
  - D – Stuwer / Turbine ✓
  - E – Stuwerlemme / Vinne ✓
- (5)

- 6.7.3 **Werking:**
- Hierdie blaser kan meganies deur middel van bandaandrywing vanaf die krukas aangedryf word. ✓
  - Die gevormde vinne op die stuwer laat die lug in die rondte na die buitenste rand van die stuwer in die omhulsel beweeg. ✓
  - In die proses laat die bewegende vinne 'n lae druk aan hulle agterkante vorm. ✓
  - Vanweë die atmosferiese druk vloeи lug sterk in om die lae druk in die middel van die stuwer te vul. ✓
  - Die stuwer roteer so vinnig dat 'n deurlopende beweging van lug aanwesig is, wat nou 'n druk opbou namate dit na die velling of die rand gegooi word. ✓
- (5)
- 
- [28]

**VRAAG 7: KRAGTE (Spesifieke)****7.1 Slagvolume:**

Volume wanneer die suier ✓ van onderste dooiepunt na boonste dooiepunt beweeg. ✓

(2)

**7.2 Metode om die kompressieverhouding te verhoog:**

- Verwyder vulplaatjies tussen silinderblok en silinderkop. ✓
- Pas 'n dunner silinderkoppakstuk. ✓
- Masjineer metaal van die silinderkop af. ✓
- Slyp metaal van die silinderblok af. ✓
- Pas 'n suier met 'n hoër kroon. ✓
- Pas 'n krukas met 'n langer slag. ✓
- Vergroot die boor van die silinder / groter suiers. ✓

(Enige 3 x 1)

(3)

**7.3 Kompressieverhouding:****7.3.1 Slagvolume:**

$$\begin{aligned} \text{Slagvolume} &= \frac{\pi D^2}{4} \times L \quad \checkmark \\ &= \frac{\pi (9,0)^2}{4} 10,0 \quad \checkmark \\ &= 636,17 \text{ cm}^3 \quad \checkmark \end{aligned}$$

(3)

**7.3.2 Oorspronklike vryvolume:**

$$\begin{aligned} \text{Kompressieverhouding} &= \frac{SV + VV}{VV} \\ VV &= \frac{SV}{KV - 1} \quad \checkmark \\ &= \frac{636,17}{10,5 - 1} \quad \checkmark \\ &= \frac{636,17}{9,5} \\ &= 66,97 \text{ cm}^3 \quad \checkmark \end{aligned}$$

(3)

## 7.3.3 Nuwe boordiameter:

$$\text{Nuwe kompressieverhouding} = \frac{SV}{VV} + 1 \quad \checkmark$$

$$11:1 = \frac{SV}{66,97} + 1 \quad \checkmark$$

$$SV = 66,97 \times 10$$

$$\frac{\pi D^2}{4} \times L = 669,7 \quad \checkmark$$

$$D^2 = \frac{669,7 \times 4}{\pi \times 10}$$

$$D = \sqrt{85,27} \quad \checkmark$$

$$= 9,23 \text{ cm} \quad \checkmark$$

$$= 92,34 \text{ mm} \quad \checkmark$$

(6)

## 7.4 Drywing:

## 7.4.1 Aangeduide drywing:

$$AD = P \times L \times A \times N \times n$$

$$P = 1300 \text{ kPa}$$

$$L = \frac{160}{1000}$$

$$= 0,16 \text{ m} \quad \checkmark$$

$$A = \frac{\pi D^2}{4}$$

$$= \frac{\pi 0,12^2}{4}$$

$$= 1,13 \times 10^{-2} \text{ m}^2 \quad \checkmark$$

$$N = \frac{4500}{60 \times 2}$$

$$= 37,5 \text{ kragslae/sek} \quad \checkmark$$

n = 4 silinders

$$AD = P \times L \times A \times N \times n$$

$$= (1300 \times 10^3) \times 0,16 \times (1,13 \times 10^{-2}) \times 37,5 \times 4 \quad \checkmark$$

$$= 352560$$

$$= 352,56 \text{ kW} \quad \checkmark$$

(5)

7.4.2 **Remdrywing:**

$$RD = 2\pi \times N \times T$$

$$= 2\pi \times 610 \times \frac{4500}{60} \quad \checkmark \checkmark$$

$$= 2\pi \times 610 \times 75$$

$$= 287455,73 \text{ W} \quad \checkmark$$

$$= 287,46 \text{ kW} \quad \checkmark$$

(4)

7.4.3 **Meganiese doeltreffendheid:**

$$\text{Meganiese doeltreffendheid} = \frac{BP}{IP} \times 100\%$$

$$= \frac{287,46}{352,56} \times 100\% \quad \checkmark$$

$$= 81,54\% \quad \checkmark$$

(2)

- 7.5 **Meganiese doeltreffendheid** is gebaseer op die verhouding van die drywing wat in die enjin  $\checkmark$  ontwikkel word en die werklike remdrywing wat by die vliegwiel  $\checkmark$  gelewer word.

(2)

- 7.6 **Remdrywing** is die bruikbare drywing  $\checkmark$  wat by die vliegwiel  $\checkmark$  ontwikkel word.

(2)

[32]

## VRAAG 8: INSTANTHOUDING (Spesifieke)

### 8.1 Verkoelerdop-druktoets:

- Installeer die dop op die verkoelingstelseldruktoetser. ✓
- Pomp die toetser op terwyl jy die drukmeter dophou. ✓
- Die drukdop behoort lug teen die druk vrylaat wat op die dop gemerk is. ✓
- Die dop behoort daardie druk vir minstens een minuut te hou. ✓
- Indien nie, installeer 'n nuwe dop. ✓

(5)

### 8.2 Oorsake en regstelling vir drukverlies:

#### Oorsake:

- Lek tussen verkoelerstelsel onderdele. ✓
- Lakkende waterpyp. ✓
- Geblaasde silinderkoppakstuk. ✓
- Lakkende waterpomp. ✓
- Lakkende verkoeler. ✓
- Lek by geroeste uitdy- of kernproppe. ✓
- Lakkende binneverwarmer-verkoeler. ✓
- Lakkende verwarmerkraan. ✓

(Enige 2 x 1)

#### Regstellings:

- Vervang pakstukke of seels. ✓
- Vervang foutiewe pype en draai klampe vas. ✓
- Slyp die silinderkop en vervang die silinderkoppakstuk. ✓
- Vervang die waterpomp. ✓
- Vervang die verkoeler. ✓
- Vervang die uitdy- of kernproppe. ✓
- Vervang binneverkoeler. ✓
- Vervang verkoelerkraan. ✓

(Enige 2 x 1)

(4)

### 8.3 Spesifikasie vir uitvoering van verkoelerstelseldruktoets, ondersoek vir:

- Water- antivriesmiddel verhouding. ✓
- Toelaatbare verkoelerdruk. ✓
- Verkoelerdopdruk. ✓
- Lesing van die verkoelingstelseldruktoetser. ✓

(Enige 2 x 1).

(2)

#### 8.4 Veiligheid: Kompressietoets:

- Maak seker die toetser kan die druk hanteer wat jy wil toets. ✓
- Maak die vonkprop-area skoon om te voorkom dat vullis in val wanneer jy die vonkprop verwyder. ✓
- Maak seker die rubberpipe op die toetser is in 'n goeie toestand. ✓
- Maak seker die drukontlasklep op die toetser werk. ✓
- Maak seker jy gebruik die korrekte vonkpropkoppelstuk. ✓
- Maak seker die versnelklep is vol oop. ✓
- Ontkoppel hoogspannings drade. ✓
- Ontkoppel die brandstoffotoevoer. ✓
- Maak seker die meter is op nul gestel. ✓
- Maak seker dat die lugfilter skoon is. ✓

(Enige 4 x 1). (4)

#### 8.5 Gasanaliseerde resultate:

##### 8.5.1 Hoë koolstofmonoksied (CO) lesing:

###### Oorsake:

- Te ryk mengsel. ✓
- Ontstekingweiering. ✓
- Vuil of verstopte lugfilter. ✓
- Onbehoorlike werking van die brandstofleweringstelsel. ✓
- Foutiewe termostaat of koelmiddelsensor. ✓
- Foutiewe PKV-klepstelsel. ✓
- Foutiewe katalisator. ✓

(Enige 1 x 1) (1)

##### 8.5.2 Regstellende maatreëls:

- Verstel brandstofmengsel. ✓
- Kontroleer vir weiering en herstel. ✓
- Vervang lugfilter. ✓
- Kontroleer en herstel brandstofleweringstelsel. ✓
- Kontroleer en herstel verkoeler sensor. ✓
- Kontroleer en herstel PKV-klepstelsel. ✓
- Kontroleer en herstel of vervang katalisator. ✓

(Enige 1 x 1) (1)

##### 8.5.3 Lae koolstofdioksied (CO<sub>2</sub>) lesing:

###### Oorsake:

- Brandstofmengsel is te ryk of te arm. ✓
- Uitlaatstelsel lek. ✓
- Ontstekingweiering. ✓
- Vuil of verstopte lugfilter. ✓
- Onbehoorlike werking van die brandstofleweringstelsel. ✓
- Foutiewe termostaat of koelmiddelsensor. ✓
- Foutiewe PKV-klepstelsel. ✓
- Foutiewe katalisator. ✓

(Enige 1 x 1) (1)

**8.5.4 Regstellende maatreëls:**

- Verstel brandstofmengsel. ✓
- Herstel of vervang uitlaatstelsel. ✓
- Kontroleer vir weiering en herstel. ✓
- Vervang lugfilter. ✓
- Kontroleer en herstel brandstofleweringstelsel. ✓
- Kontroleer en herstel verkoeler sensor. ✓
- Kontroleer en herstel PKV-klepstelsel. ✓
- Kontroleer en herstel of vervang katalisator. ✓

(Enige 1 x 1) (1)

**8.5.5 Hoë koolwaterstof (HC) lesing:**

**Oorsake:**

- Oormatige onverbrande brandstof weens onvolledige ontbranding. ✓
- Foutiewe tydreeëling. ✓
- Vakuumlekkasie. (Lae brandstofdruk) ✓
- Lekkende brandstofinspuiter. ✓
- Foutiewe kouebeginklep. ✓
- Foutiewe lugbeheerstelsel. ✓

(Enige 1 x 1) (1)

**8.5.6 Regstellende maatreëls:**

- Verstel brandstofmengsel. ✓
- Kontroleer en verstel tydreeëling. ✓
- Kontroleer en herstel vakuumlekkasie. ✓
- Kontroleer en herstel / vervang brandstofinspuiter. ✓
- Kontroleer en herstel / vervang kouebeginklep. ✓
- Kontroleer en herstel dugbeheerstelsel. ✓

(Enige 1 x 1) (1)

**8.6 Spesifikasies vir uitvoering van brandstofdruktoets, ondersoek vir:**

- Brandstofdruk voor die vergasser. ✓
- Brandstofdruk voor- en na die inspuiterpomp. ✓
- Brandstofdruk wanneer die enjin luier. ✓
- Brandstofdruk teen hoë omwentelinge. ✓

(Enige 2 x 1) (2)  
[23]

**VRAAG 9: STELSELS EN BEHEER (Outomatiese ratkas) (Spesifieke)****9.1 Doel van die outomatiese ratkas:**

- Om die bestuurder van koppelaar beheer en ratwisseling ✓ te verlos. ✓
- Om gladder en makliker ✓ bestuur van die voertuig te bevorder. ✓

(Enige 1 x 2) (2)

**9.2 Voordele van outomatiese ratkas:**

- Dit verminder bestuurder moegheid. ✓
- Dit verminder wieltol onder swak padtoestande. ✓
- Die voertuig kan skielik tot stilstand gebring word sonder dat die enjin stol. ✓
- Die stelsel demp alle enjinwringtrilling. ✓
- Dit is makliker om te bestuur. (bv. Gestremde persone) ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**9.3 Nadele van 'n voertuig wat met 'n outomatiese ratkas toegerus is:**

- Outomatiese ratkas is duurder om te vervaardig / onderhou. ✓
- Indien 'n voertuig met 'n outomatiese ratkas oor 'n lang afstand gesleep moet word, moet die dryfas verwyder word. ✓
- Outomatiese ratkas maak die voertuig swaarder as met 'n handratkas. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**9.4 Koppelomsitter:****9.4.1 Benoem:**

- A – Ringrat / buigplaat ✓  
 B – Omhulsel ✓  
 C – Stator ✓  
 D – Stuwer / Pomp ✓  
 E – Transmissie / As ✓  
 F – Vloeistofbaan / Stuwer / Pomp ✓  
 G – Wieke ✓  
 H – Turbine ✓

(8)

**9.4.2 Voordele van koppelomsitter:**

- Wringkrag neem outomatis toe. ✓
- Wringkrag word gladweg oorgedra om skokke op die ratkas, onderstel en wiele te verminder. ✓
- Minimum versiening word vereis. ✓
- Ontkoppel teen lae revolusies. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**9.4.3 Toenemende koppelomsitterspoed:**

Die wringkrag-vermenigvuldiging ✓ verminder ✓ geleidelik.

(2)

[18]

**VRAAG 10: STELSELS EN BEHEER (Asse, stuur geometrie en elektronika)  
(Spesifieke)**

**10.1 Bandslytasie:**

10.1.1 Vinvorming:

- Toesporing of uitsporing slytasie ✓
- Geslete krinkspil ✓

**(Enige 1 x 1) (1)**

10.1.2 Een kant van loopvlak uitermatig geslyt:

- Wielvlug slytasie ✓
- Geslete krinkspil ✓
- Foutiewe wielsporing ✓

**(Enige 1 x 1) (1)**

**10.2 Vereistes van 'n goed ontwerpte stuurmeganisme:**

- Lig en maklik om te beheer. ✓
- Vry van trilling en padskokke. ✓
- So direk as moontlik sonde om te veel aandag of inspanning van die bestuurder te verg. ✓
- Selfsentreer. ✓
- Moet kan werk sonder om te erg deur die aksie van die vering- of remstelsel beïnvloed te word. ✓

**(Enige 2 x 1) (2)**

**10.3 Krinkspilhelling:**

10.3.1 **Benoem:**


- A – Afwyking ✓
- B –  $90^\circ$  / Loodreg ✓
- C – Wielmiddellyn ✓
- D – Krinkspilhellinghoek ✓
- E – Stuuras-middellyn / Krinkspil-senterlyn ✓

**(5)**

10.3.2 Krinkspilhelling is die inwaartse kanteling ✓ van die bokant van die krinkspil van voor gesien. ✓

**(2)**

## 10.4 Ackerman-hoekuitleg:



(3)

**Benoem:**

- A – Agteras ✓
- B – Oorlangse as ✓
- C – Voorwiele ✓
- D – stuurarms ✓
- E – Verlengde middellyn vanaf stuurarms ✓
- F – Snyding / Senterpunt ✓

(Enige 3 x 1)

(3)

10.5 **Doel van uitsporing om draaie:**

Die uitsporingseffek op 'n draai gee 'n werklike rolbeweging ✓ aan die voorwiele in 'n draai sonder om te skuur. ✓

(2)

10.6 **Wielbalansering voorafkontrole:**

- Toestand van bande verwys na kneusplekke, krake en beskadigde sykante. ✓
- Die wielvelling vir beskadigde lip. ✓
- Ondersoek vir vreemde materiaal op wielvelling en band. ✓
- Banddruk. ✓
- Bandloopvlakslytasie. ✓

(Enige 2 x 1)

(2)

**10.7 Doel van katalisator:**

Die katalisator sit die besoedelingstowwe ✓ in die uitlaatgasse van die enjin in nie-toksiese stowwe ✓ om en maak dit omgewingsvriendelik.

(2)

**10.8 Aanpasbare spoedbeheer:**

- Handhaaf 'n spoed wat deur die bestuurder gestel is. ✓
- Pas hierdie spoed aan en handhaaf 'n veilige afstand van die voertuig voor. ✓
- Gee 'n waarskuwing indien daar 'n risiko vir 'n botsing is. ✓
- Voorkom bestuurder uitputting. ✓
- Om die gekose spoed te beheer. ✓
- Verbeterbrandstofverbruik. ✓
- 'n Konstante beheerde spoed voorkom spoedboetes. ✓


(Enige 3 x 1)

(3)

**10.9 Funksie van 'n sleepring-enborselsamestelling:**

Verskaf 'n beweegbare verbinding ten einde batterystroom na die rotor ✓ te laat vloei om 'n elektromagneet ✓ voort te bring.

(2)

**10.10 Diode-simbool:**

(2)

**10.11 Voordele van elektriese brandstofpomp:**

- Onmiddellike tovoer van brandstof wanneer die ontstekingskakelaar aangeskakel word. ✓
- Lae werkingsgeras. ✓
- Minder afvoerpulsering van brandstof. ✓
- Kompakte en ligte ontwerp. ✓
- Eienskap om die uitlek van brandstof en dampslot te voorkom. ✓
- Lewer brandstof teen hoër druk. ✓
- Kan op enige plek in die brandstoflyn geplaas word. ✓

(Enige 2 x 1)

(2)

[32]

TOTAAL: [200]